**SCHEDULING STATUS**
**S4**

**COVOCORT, 10 mg, tablets**
**Hydrocortisone**
**Contains sugar: lactose 148 mg per tablet**

**Read all of this leaflet carefully before you start taking COVOCORT**
- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- If you have further questions, please ask your doctor, pharmacist, nurse or other health care provider.
- COVOCORT has been prescribed for you personally and you should not share your medicine with other people. It may harm them, even if their symptoms are the same as yours.

**What is in this leaflet**

1. What COVOCORT is and what it is used for
2. What you need to know before you take COVOCORT
3. How to take COVOCORT
4. Possible side effects
5. How to store COVOCORT
6. Contents of the pack and other information


**1. What COVOCORT is and what it is used for**
COVOCORT belongs to a group of medicines known as corticosteroids.

COVOCORT is used to replace adrenal hormones in your body, which you may be lacking.

**2. What you need to know before you take COVOCORT**
**Do not take COVOCORT:**
- if you are allergic (hypersensitive) to hydrocortisone or to any of the excipients listed in section 6.
- if you have a stomach ulcer.
- if you have osteoporosis.
- if you have any mental disorders.
- if you have an infection and are not receiving treatment for it.
- if you have a viral infection known as shingles or a viral eye infection.
- if you had or have tuberculosis (TB).
- if have been vaccinated recently or are going to have any vaccinations.

**Warnings and precautions**
Take special care with COVOCORT:
- if you have liver problems;
- if you have kidney problems;
- if you have high blood pressure;
- if you have heart problems including recent heart attacks;
- if you have diabetes (or a family history of diabetes);
- if you have glaucoma (increased pressure in the eye) or family history of glaucoma;
- if you have HIV infection;
- if you have epilepsy;
- if you have muscle weakness with steroids;
- if you have existing or previous history of severe mood-related disorders;
- if you have thyroid problems;

- if you have chickenpox or measles;
- if you experience an increase of body temperature (fever due to any reason), feeling unwell, undergoing a stressful situation or if you are undergoing any minor surgical procedure inform your doctor or pharmacist as your daily dose may be increased temporarily;
- if you have pheochromocytoma (a tumour of the adrenal gland);
- if you are elderly as side effects can be heightened in this age group.

You should see your doctor if you develop any new infections whilst taking these tablets. Taking COVOCORT for a long period of time increases your chance of getting infections, which might be worse than normal and may very rarely be fatal.

Tell your doctor or health care provider if you have chickenpox or measles. It is important to avoid exposure to people who have chickenpox, measles or shingles, especially if you have not already had these illnesses or are not sure if you have had them. COVOCORT increases the risk of a severe bout of chickenpox. If exposed you must contact your doctor immediately.

Contact your doctor if you experience blurred vision or other visual disturbances.

If you are taking or have recently taken (within the last 3 months) COVOCORT and you become ill (particularly important in cases of gastroenteritis or vomiting/diarrhea), suffer stress, get injured or are about to have a surgical procedure you must tell your doctor immediately that you are taking COVOCORT.

Your dose of COVOCORT may need to be increased (or you may have to start taking it again for a short time) to prevent a sharp fall in blood pressure.

If for any other reason your general health is declining although you take your medicine as prescribed; seek medical advice immediately.

Particular care should be taken by patients on long-term treatment as there is an increased risk of side effects. If you have been on COVOCORT for longer than 3 weeks and wish to stop taking them, do not stop suddenly as this could result in a severe drop in blood pressure which could be fatal. Your doctor will advise on how to reduce the number of tablets you are taking.

Mental health problems can occur while taking steroids like COVOCORT (see also Section 4).

- these illnesses can be severe;
- usually they start within a few days or weeks of starting the medicine;
- they are more likely to happen at high doses;
- most of these problems go away if the dose is lowered or the medicine is stopped.

However, if problems do occur they might need treatment.

Talk to a doctor if you (or someone taking this medicine) show any signs of mental health problems. This is particularly important if you are depressed, or might be thinking about suicide. In a few cases, mental health problems have happened when doses are being lowered or the medicine stopped altogether.

Tumour lysis syndrome (TLS) can occur after treatment of a fast-growing cancer, such as blood cancers or solid tumours. Symptoms of TLS include muscle cramping, muscle weakness, confusion, irregular heartbeat, visual loss or visual disturbances, and shortness of breath. Your health care provider will monitor you closely, especially if you are at high risk

of developing tumour lysis syndrome. Your doctor may also have to monitor your treatment more closely, alter your dose or give you another medicine.

**Children and adolescents**
If the patient is a child, it is important that the doctor monitors growth and development at intervals during treatment.

**Other medicines and COVOCORT**
Always tell your health care provider if you are taking any other medicine. (This includes all complementary or traditional medicines.)

Tell your doctor if you are taking any of the following:
- anticoagulants such as warfarin (medicines used to thin the blood);
- salicylates such as aspirin;
- non-steroidal anti-inflammatory drugs (NSAIDs) such as ibuprofen, diclofenac or naproxen (medicines used to treat mild to moderate pain);
- medicines for diabetes (including insulin);
- erythromycin, telithromycin or clarithromycin (medicines used to treat bacterial infections);
- an oral contraceptive pill;
- somatropin (a type of growth hormone);
- efavirenz, nevirapine or ritonavir (medicines used in the treatment of HIV infections);
- acetazolamide (a medicine used to treat glaucoma);
- amphotericin, ketoconazole, itraconazole, posaconazole or voriconazole (used to treat fungal infections);
- mifepristone (a medicine used to assist medical termination of pregnancy);
- diuretics (water tablets);
- carbenoxolone (a medicine used to treat ulcers);
- methotrexate (a medicine used to treat rheumatoid arthritis);
- St. John’s Wort (a herbal medicine used for treating depression);
- medicines used to treat epilepsy such as phenytoin, phenobarbital, carbamazepine and primidone;
- rifabutin and rifampicin (antibiotics used to treat TB);
- aminoglutethimide (a medicine used in the treatment of cancer);
- cardiac glycosides, such as digoxin (used to treat heart failure and irregular heartbeat);
- theophylline and sympathomimetics such as bambuterol, fenoterol, formoterol, ritodrine, salbutamol, salmeterol and terbutaline (used to treat asthma and other breathing problems);
- antihypertensives (medicines used to treat high blood pressure).

**COVOCORT with food and drink**
Do not take COVOCORT with grapefruit juice as the juice may affect the action of this medicine.

**Pregnancy, breastfeeding and fertility**
If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or are planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist or other health care provider for advice before taking COVOCORT.

**Driving and using machines**
COVOCORT may cause sleepiness, dizziness, changes in vision, tiredness or muscle weakness. If you have any of these symptoms you should not drive or operate machinery.

**COVOCORT contains lactose**
If you have been told by your doctor that you have an intolerance to some sugars, contact your doctor before taking COVOCORT.

**3. How to take COVOCORT**
Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always take COVOCORT exactly as your doctor or pharmacist has told you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

The usual dose is:
1 to 3 tablets (10 mg to 30 mg) daily

Your doctor will tell you how long your treatment with COVOCORT will last. If you have the impression that the effect of COVOCORT is too strong or too weak, tell your doctor or pharmacist.

**If you take more COVOCORT than you should**
In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison centre.

**If you forget to take COVOCORT**
Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

**If you stop taking COVOCORT**
Do not stop taking COVOCORT just because you feel better. You should follow your doctor's instructions on stopping this medicine. Your doctor may want you to gradually reduce the number of tablets you take before stopping completely. Never let your tablets run out before receiving the next prescription. It may be dangerous to go without treatment (see Section 2).

Stopping COVOCORT may leave you without enough steroid hormones in your body. This may cause withdrawal symptoms such as fever, muscle and joint pain, blocked/runny nose, swelling of the eye, painful itchy skin rash and weight loss.

**4. Possible side effects**
COVOCORT can have side effects.

Not all side effects reported for COVOCORT are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking COVOCORT, please consult your health care provider for advice.

If any of the following happens, stop taking COVOCORT and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:
- swelling of the hands, feet, ankles, face, lips and mouth or throat, which may cause difficulty in swallowing or breathing,
- rash or itching,
- fainting.

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to COVOCORT. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

Tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital if you notice any of the following:
- depressed, including thinking about suicide,
- high (mania) or having moods that go up and down;

- anxious, having problems sleeping, having difficulty in thinking or being confused and losing your memory;
- feeling, seeing or hearing things which do not exist;
- having strange and frightening thoughts, changing how you act or having feelings of being alone.

These are all serious side effects. You may need urgent medical attention.

Tell your doctor if you notice any of the following:
Side effects with unknown frequency:

- psychological dependence;
- increased damage to the heart in the event of a heart attack, heart failure, high blood pressure, formation of blood clots, thickening of the heart muscle (hypertrophic cardiomyopathy) in prematurely born babies;
- taking COVOCORT can make it easier for you to pick up infections which may very rarely be fatal. Infections such as chickenpox and measles can be made worse or TB may recur. some fungal and viral infections, including herpes, may be activated. Diarrhoea and vomiting, sore throat/cold, flu-like illness caused by a viral infection;
- bleeding ulcers (indicated by stomach pain, bleeding from the back passage, black stools or being sick with blood present), inflammation of the pancreas causing abdominal pain, stomach pain and discomfort, bloated feeling, infection, swelling or ulceration of the gullet (discomfort on swallowing, which can cause chest pain), thrush, indigestion, feeling sick, being sick, tooth erosion;
- fits (convulsions), worsening of epilepsy, sleepiness, dizziness/spinning sensation, raised pressure within the skull;
- muscle weakness or wasting, thinning of bones which makes fractures more likely (osteoporosis), broken bones or fractures, hip or shoulder pain due to poor blood circulation, risk of torn tendons, joint inflammation in the knee and groin (aseptic necrosis) or other joints;
- changes in vision as a result of cataracts (clouding of the lens in the eye) or glaucoma (increased pressure inside the eye), blurred vision, dry eyes, thinning of the surface of the eye, existing eye infections may get worse;
- increased or decreased number of white blood cells;
- irregular or lack of periods;
- development of Cushingoid facies (round or moon-shaped face, buffalo hump), excessive sweating, increased appetite and weight gain, increased hair on the body and face in women, increased blood sugar levels/ diabetes, loss of calcium and nitrogen (shown on medical tests), salt and water retention (causing swelling and raised blood pressure), low adrenal gland function which reduces the production of steroids in your body (particularly after surgery, an accident or illness);
- slow healing of cuts or wounds, thin or delicate skin, redness of the skin/small dilated blood vessels, acne, bruising, itchy rash, stretch marks;
- generally feeling unwell (malaise), tiredness;
- decrease in cholesterol (good cholesterol) in the blood (shown in blood tests), reduction in blood potassium levels, symptoms of which include fainting due to low blood pressure, feeling your heartbeat (palpitations), muscle weakness, tiredness or cramps, feeling sick or being sick, inability to pass stool regularly and properly, frequent passing of urine, excessive thirst and inability to eat properly.

Additional side effects in children and adolescents

- raised pressure within the skull (pseudotumour cerebri, indicated by headaches with vomiting, listlessness and drowsiness) has been reported in children; this usually occurs after treatment is stopped;
- suppression of normal growth in children.

Because of these potential side effects, your doctor may want to monitor you at intervals during your treatment.

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

**Reporting of side effects**
If you get side effects, talk to your doctor or pharmacist. You can also report side effects to SAHPRA via the "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**", found online under SAHPRA's publications: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of COVOCORT.

**5. How to store COVOCORT**

- Store all medicines out of reach of children.
- Store at or below 30 °C, protect from light and moisture.
- Do not store in a bathroom.
- Do not use after the expiry date stated on the label bottle.
- Return all unused medicine to your pharmacist.
- Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

**6. Contents of the pack and other information**
**What COVOCORT contains**
The active substance is hydrocortisone 10 mg.

The other ingredients are: lactose, magnesium stearate, starch.

**What COVOCORT looks like and contents of the pack**
White biconvex, scored tablets.

Containers with 100 tablets.

**Holder of Certificate of Registration**
Adcock Ingram Limited
1 New Road,
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Customer Care: 0860 ADCOCK / 232625

**This leaflet was last revised in**
20 December 2024

**Registration number**
U/21.5.1/211

Botswana: S2 B9302950

Namibia: NS2 90/21.5.1/00112

## PASIËNT INLIGTINGSBLAD

**SKEDULERINGSTATUS**
S4

**COVOCORT, 10 mg, tablette**
**Hidrokortisoon**
**Bevat suiker: laktose 148 mg per tablet**

**Lees die hele voubiljet noukeurig deur voordat u COVOCORT begin neem**
- Bewaar hierdie voubiljet. U sal dit dalk weer moet lees.
- Indien u verdere vrae het, raadpleeg asseblief u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorg kundige.
- COVOCORT is aan u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle benadeel, selfs al ervaar hul dieselfde simptome as u.

**Wat in hierdie voubiljet is**

1. Wat COVOCORT is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u COVOCORT neem
3. Hoe om COVOCORT te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om COVOCORT te bêre
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting


**1. Wat COVOCORT is en waarvoor dit gebruik word**
COVOCORT behoort aan 'n groep medisyne bekend as kortikosteroïede.

COVOCORT word gebruik om bynierhormone in u liggaam te vervang, wat by u mag ontbreek.

**2. Wat u moet weet voordat u COVOCORT neem**
Moenie COVOCORT neem nie:
- indien u allergies (hipersensitief) is vir hidrokortisoon of vir enige van die bymiddels gelys in afdeling 6.
- indien u 'n maagseer het.
- indien u osteoporose het.
- indien u enige geestesversteurings het.
- indien u 'n infeksie het en nie behandeling daarvoor ontvang nie.
- indien u 'n virusinfeksie het wat bekend staan as gordelroos, of 'n virale ooginfeksie.
- indien u tuberkulose (TB) gehad het, of tans het.
- indien u onlangs ingeënt is of enige inentings gaan ontvang.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**
Wees veral versigtig met COVOCORT:
- indien u lewerprobleme het;
- indien u nierprobleme het;
- indien u hoë bloeddruk het;
- indien u hartprobleme het, insluitend onlangse hartaanvalle;
- indien u diabetes het (of 'n familiegeskiedenis het van diabetes);
- indien u gloukoom (verhoogde druk in die oog) of familiegeskiedenis van gloukoom het;
- indien u MIV-infeksie het;
- indien u epilepsie het;
- indien u spierswakheid het met steroïede;
- indien u bestaande of vorige geskiedenis van ernstige gemoedstoestande het;

- indien u skildklierprobleme het;
- indien u waterpokkies of masels het;
- indien u 'n toename in liggaamstemperatuur ervaar (koors weens enige rede), onwel voel, 'n stresvolle situasie ondergaan of indien u enige geringe chirurgiese prosedure ondergaan, stel u dokter of apteker in kennis, aangesien u daaglikse dosis tydelik verhoog kan word;
- indien u feochromositoom het ('n gewas van die bynier);
- indien u bejaard is, aangesien newe-effekte in hierdie ouderdomsgroep verhoog kan wees.

U moet u dokter raadpleeg indien u enige nuwe infeksies ontwikkel terwyl u hierdie tablette neem. Om COVOCORT vir 'n lang tydperk te neem, verhoog u kans om infeksies te kry, wat erger as normaal kan wees en baie selde dodelik kan wees.

Lig u dokter of gesondheidsorg kundige in indien u waterpokkies of masels het. Dit is belangrik om blootstelling aan mense wat waterpokkies, masels of gordelroos het, te vermy, veral indien u nog nie hierdie siektes gehad het nie, of nie seker is of u dit gehad het nie. COVOCORT verhoog die risiko van 'n ernstige geval van waterpokkies. Indien u blootgestel word, moet u dadelik u dokter kontak.

Kontak u dokter indien u versteurde visie of ander visuele versteurings ervaar.

Indien u tans COVOCORT neem, of onlangs geneem het (binne die afgelope 3 maande) en u word siek (veral belangrik in gevalle van gastro-enteritis of braking/diarree), ly aan stres, word beseer of staan op die punt om 'n chirurgiese prosedure te ondergaan, moet u die dokter dadelik inlig dat u COVOCORT neem.

U dosis COVOCORT sal dalk verhoog moet word (of dalk moet u dit weer vir 'n kort tydjie begin neem) om 'n skerp daling in bloeddruk te voorkom.

Indien u algemene gesondheid om enige ander rede agteruitgaan alhoewel u die medisyne neem soos voorgeskryf; soek onmiddellik mediese advies.

Pasiënte op langtermynbehandeling moet veral versigtig wees, aangesien daar 'n verhoogde risiko van newe-effekte is. Indien u vir langer as 3 weke op COVOCORT is en wil ophou om dit te neem, moet u nie skielik ophou nie, aangesien dit 'n ernstige daling in bloeddruk kan veroorsaak, wat dodelik kan wees. U dokter sal u inlig oor hoe om die aantal tablette wat u neem, te verminder.

Geestesgesondheidsprobleme kan voorkom tydens die gebruik van steroïede soos COVOCORT (sien ook Afdeling 4).

- hierdie siektes kan ernstig wees;
- dit begin gewoonlik binne 'n paar dae of weke na die aanvang van die medisyne;
- dit is meer geneig om teen hoë dosisse voor te kom;
- meeste van hierdie probleme gaan weg indien die dosis verlaag word of die medisyne gestaak word.

Indien probleme egter voorkom, kan behandeling daarvoor nodig wees.

Raadpleeg 'n dokter indien u (of iemand wat hierdie medisyne neem) enige tekens van geestesgesondheidsprobleme toon. Dit is veral belangrik indien u depressief is, of dalk aan selfdood dink. In 'n paar gevalle het geestesgesondheidsprobleme voorgekom wanneer dosisse verlaag word of die medisyne heeltemal gestaak word.

Tumorlisesindroom (TLS) kan voorkom na behandeling van 'n vinnig groeiende kanker, soos bloedkanker of soliede gewasse. Simptome van TLS sluit in spierkrampe, spierswakheid, verwarring, onreëlmatige hartklop, sigverlies of visuele versteurings, en kortasem. U gesondheidsorgverskaffer sal u noukeurig monitor, veral indien u 'n hoë risiko het om tumorlisesindroom te ontwikkel. U dokter sal dalk ook u behandeling meer noukeurig moet monitor, u dosis moet verander of vir u 'n ander medisyne moet gee.

**Kinders en adolessente**
Indien die pasiënt 'n kind is, is dit belangrik dat die dokter groei en ontwikkeling met tussenposes tydens behandeling monitor.

**Ander medisyne en COVOCORT**
Lig altyd u gesondheidsorg kundige in indien u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig u dokter in indien u enige van die volgende gebruik:
- antikoagulante soos warfarien (medisyne wat gebruik word om die bloed te verdun);
- salisilate soos aspirien;
- nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM's) soos ibuprofeen, diklofenak of naprokseen (medisyne wat gebruik word om ligte tot matige pyn te behandel);
- medisyne vir diabetes (insluitend insulien);
- eritromisien, telitromisien of klaritromisien (medisyne wat gebruik word om bakteriële infeksies te behandel);
- 'n orale voorbehoedpil;
- somatropien ('n tipe groeihormoon);
- efavirens, nevirapien of ritonavir (medisyne wat gebruik word in die behandeling van MIV-infeksies);
- asetasoolamied ('n medisyne wat gebruik word om gloukoom te behandel);
- amfoterisien, ketokonasool, itrakonasool, posakonasool of vorikonasool (gebruik om swaminfeksies te behandel);
- mifepristoon ('n medisyne wat gebruik word om mediese beëindiging van swangerskap te help);
- diuretika (watertablette);
- karbenoksoloon ('n medisyne wat gebruik word om maagsere te behandel);
- metotreksaat ('n medisyne wat gebruik word om rumatoïede artritis te behandel);
- *St. John's Wort* ('n kruiemiddel wat gebruik word vir die behandeling van depressie);
- medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel soos fenitoïen, fenobarbitaal, karbamasepien en primidoon;
- rifabutien en rifampisien (antibiotika wat gebruik word om TB te behandel);
- aminoglutetimied ('n medisyne wat gebruik word in die behandeling van kanker);
- hartglikosiede, soos digoksien (gebruik om hartversaking en onreëlmatige hartklop te behandel);
- teofillien en simpatomimetika soos bambuterol, fenoterol, formoterol, ritodrien, salbutamol, salmeterol en terbutalien (gebruik om asma en ander asemhalingsprobleme te behandel);
- antihipertensiewe middels (medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel).

**COVOCORT saam met kos en drank**
Moenie COVOCORT saam met pomelosap neem nie, aangesien die sap die werking van hierdie medisyne kan beïnvloed.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg kundige vir advies voordat u COVOCORT neem.

**Bestuur van ‘n voertuig en gebruik van masjinerie**
COVOCORT kan slaperigheid, duiseligheid, veranderinge in visie, moegheid of spierswakheid veroorsaak. Indien u enige van hierdie simptome ervaar, moet u nie ‘n voertuig bestuur of masjinerie hanteer nie.

**COVOCORT bevat laktose**
Indien u dokter u ingelig het dat u 'n onverdraagsaamheid teenoor sommige suikers het, kontak u dokter voordat u COVOCORT neem.

**3. Hoe om COVOCORT te neem**
Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem COVOCORT altyd presies soos u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

Die gewone dosis is:
1 tot 3 tablette (10 mg tot 30 mg) daagliks

U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met COVOCORT sal duur. Indien u die indruk kry dat die effek van COVOCORT te sterk of te swak is, lig u dokter of apteker in.

**Indien u meer COVOCORT neem as wat u moes**
In die geval van oordosis, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.

**Indien u vergeet om COVOCORT te neem**
Moenie 'n dubbele dosis neem om vergete individuele dosisse in te haal nie.

**Indien u die gebruik van COVOCORT staak**
Moenie die gebruik van COVOCORT staak net omdat u beter voel nie. Volg u dokter se instruksies wanneer u hierdie medisyne staak. U dokter wil dalk hê u moet die aantal tablette wat u neem geleidelik verminder voordat u heeltemal ophou. Moet nooit u tablette laat opraak voordat u die volgende voorskrif ontvang het nie. Dit kan gevaarlik wees om sonder behandeling te wees (sien Afdeling 2).

Indien u COVOCORT staak, kan dit u sonder genoeg steroïedhormone in u liggaam laat. Dit kan onttrekkingsimptome soos koors, spier- en gewrigspyn, neusstuwing/loopneus, swelling van die oog, pynlike jeukerige veluitslag en gewigsverlies veroorsaak.

**4. Moontlike newe-effekte**
COVOCORT kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir COVOCORT aangemeld is, is in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige nadelige effekte ervaar terwyl u COVOCORT neem, raadpleeg asseblief u gesondheidsorg kundige vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van COVOCORT en lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak om te sluk of asem te haal,
- veluitslag of jeuk,

- floutes.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk 'n ernstige reaksie op COVOCORT gehad. U mag dalk dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig u dokter dadelik in of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:

- depressie, insluitend om aan selfdood te dink,
- voel hoog (manie) of ervaar buie wat op en af gaan;
- angstigheid, ondervind probleme om te slaap, sukkel om te dink of verward te wees en u geheue verloor;
- dinge voel, sien of hoor wat nie bestaan nie;
- om vreemde en angswekkende gedagtes te hê, verandering in die manier wat u optree of gevoelens van eensaamheid.

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U benodig dalk dringende mediese hulp.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte met onbekende frekwensie:

- sielkundige afhanklikheid;
- verhoogde skade aan die hart in die geval van 'n hartaanval, hartversaking, hoë bloeddruk, vorming van bloedklonte, verdikking van die hartspier (hipertrofiese kardiomiopatie) by vroeggebore babas;
- die gebruik van COVOCORT kan dit vir u makliker maak om infeksies te ontwikkel wat baie selde dodelik kan wees. Infeksies soos waterpokkies en masels kan vererger word of TB kan terugslaan, sommige swam- en virusinfeksies, insluitend herpes, kan geaktiveer word, diarree en braking, seer keel/verkoue, griepagtige siekte veroorsaak deur 'n virusinfeksie;
- bloeiende maagsere (aangedui deur maagpyn, bloeding vanuit die boude, swart stoelgang of braking met bloed teenwoordig), ontsteking van die pankreas wat buikpyn veroorsaak, maagpyn en ongemak, opgeblaasde gevoel, infeksie, swelling of ulserasie van die slukderm (ongemak tydens sluk, wat borspyn kan veroorsaak), mondsproei, slegte spysvertering, naar voel, braak, tand-erosie;
- stuipaanvalle (stuipe), verergering van epilepsie, slaperigheid, duiseligheid/draai-sensasie, verhoogde druk binne-in die skedel;
- spierswakheid of uittering, verdunning van bene wat frakture meer waarskynlik maak (osteoporose), gebreekte bene of frakture, heup- of skouerpyn as gevolg van swak bloedsirkulasie, risiko van geskeurde tendons, gewrigsontsteking in die knie en lies (aseptiese nekrose) of ander gewrigte;
- veranderinge in sig as gevolg van katarakte (vertroebeling van die lens in die oog) of gloukoom (verhoogde druk in die oog), versteurde visie, droë oë, verdunning van die oppervlak van die oog, bestaande ooginfeksies kan vererger;
- verhoogde of verminderde aantal witbloedselle;
- onreëlmatige, of gebrek aan menstruasie;
- ontwikkeling van *Cushingoid facies* (ronde of maanvormige gesig, buffelskof), oormatige sweet, verhoogde eetlus en gewigstoename, meer hare op die liggaam en gesig by vroue, verhoogde bloedsuikervlakke/diabetes, verlies aan kalsium en stikstof (getoon op mediese toetse), sout- en waterretensie (wat swelling en verhoogde bloeddruk veroorsaak), lae bynierfunksie wat die produksie van steroïede in u liggaam verminder (veral na chirurgie, 'n ongeluk of siekte);
- stadige genesing van snye of wonde, dun of delikate vel, rooiheid van die vel/klein bloedvate wat verwyd is, aknee, kneusing, jeukende veluitslag, rekmerke;
- oor die algemeen onwel voel (malaise), moegheid;
- afname in cholesterol (goeie cholesterol) in die bloed (getoon in bloedtoetse), verlaging in bloedkaliumvlakke, waarvan die simptome flouheid insluit weens lae bloeddruk, voel hoe u hart klop (hartkloppings), spierswakheid, moegheid of krampe, naar voel of braak,

onvermoë om gereeld en behoorlik stoelgang uit te skei, gereelde urinering, oormatige dors en onvermoë om behoorlik te eet.

Bykomende newe-effekte by kinders en adolessente
- verhoogde druk binne-in die skedel (*pseudotumour cerebri*, aangedui deur hoofpyne met braking, lusteloosheid en lomerigheid) is by kinders aangemeld; dit vind gewoonlik plaas nadat behandeling gestaak is;
- onderdrukking van normale groei by kinders.

As gevolg van hierdie potensiële newe-effekte, kan u dokter u met tussenposes tydens u behandeling wil monitor.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

**Aanmelding van newe-effekte**
Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter of apteker. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die vorm **"6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form"**, wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van COVOCORT te verskaf.

**5. Hoe om COVOCORT te bêre**
- Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.
- Bêre teen of benede 30 °C, beskerm teen lig en vogtigheid.
- Moenie in 'n badkamer bêre nie.
- Moenie gebruik na die vervaldatum soos op die houer se etiket aangedui nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**
**Wat COVOCORT bevat**
Die aktiewe bestanddeel is hidrokortisoon 10 mg.

Die ander bestanddele is: laktose, magnesiumstearaat, stysel

**Hoe COVOCORT lyk en inhoud van die verpakking**
Wit bikonvekse, tablette met breeklyne.

Houers met 100 tablette.

**Houer van Sertifikaat van Registrasie**
Adcock Ingram Limited
New Road 1,
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

**Hierdie voubiljet is mees onlangs hersien op**
20 Desember 2024

**Registrasienommer**
U/21.5.1/211

**PASIËNT INLIGTINGSBLAD**

Botswana: S2 B9302950

Namibië: NS2 90/21.5.1/00112

Datum van goedkeuring: 20 Desember 2024

## PASIËNT INLIGTINGSBLAD

**SKEDULERINGSTATUS**
S4

**COVOCORT, 10 mg, tablette**
**Hidrokortisoon**
**Bevat suiker: laktose 148 mg per tablet**

**Lees die hele voubiljet noukeurig deur voordat u COVOCORT begin neem**
- Bewaar hierdie voubiljet. U sal dit dalk weer moet lees.
- Indien u verdere vrae het, raadpleeg asseblief u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorg kundige.
- COVOCORT is aan u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle benadeel, selfs al ervaar hul dieselfde simptome as u.

**Wat in hierdie voubiljet is**
1. Wat COVOCORT is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u COVOCORT neem
3. Hoe om COVOCORT te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om COVOCORT te bêre
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

**1. Wat COVOCORT is en waarvoor dit gebruik word**
COVOCORT behoort aan 'n groep medisyne bekend as kortikosteroïede.

COVOCORT word gebruik om bynierhormone in u liggaam te vervang, wat by u mag ontbreek.

**2. Wat u moet weet voordat u COVOCORT neem**
Moenie COVOCORT neem nie:
- indien u allergies (hipersensitief) is vir hidrokortisoon of vir enige van die bymiddels gelys in afdeling 6.
- indien u 'n maagseer het.
- indien u osteoporose het.
- indien u enige geestesversteurings het.
- indien u 'n infeksie het en nie behandeling daarvoor ontvang nie.
- indien u 'n virusinfeksie het wat bekend staan as gordelroos, of 'n virale ooginfeksie.
- indien u tuberkulose (TB) gehad het, of tans het.
- indien u onlangs ingeënt is of enige inentings gaan ontvang.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**
Wees veral versigtig met COVOCORT:
- indien u lewerprobleme het;
- indien u nierprobleme het;
- indien u hoë bloeddruk het;
- indien u hartprobleme het, insluitend onlangse hartaanvalle;
- indien u diabetes het (of 'n familiegeskiedenis het van diabetes);
- indien u gloukoom (verhoogde druk in die oog) of familiegeskiedenis van gloukoom het;
- indien u MIV-infeksie het;
- indien u epilepsie het;
- indien u spierswakheid het met steroïede;
- indien u bestaande of vorige geskiedenis van ernstige gemoedstoestande het;

- indien u skildklierprobleme het;
- indien u waterpokkies of masels het;
- indien u 'n toename in liggaamstemperatuur ervaar (koors weens enige rede), onwel voel, 'n stresvolle situasie ondergaan of indien u enige geringe chirurgiese prosedure ondergaan, stel u dokter of apteker in kennis, aangesien u daaglikse dosis tydelik verhoog kan word;
- indien u feochromositoom het ('n gewas van die bynier);
- indien u bejaard is, aangesien newe-effekte in hierdie ouderdomsgroep verhoog kan wees.

U moet u dokter raadpleeg indien u enige nuwe infeksies ontwikkel terwyl u hierdie tablette neem. Om COVOCORT vir 'n lang tydperk te neem, verhoog u kans om infeksies te kry, wat erger as normaal kan wees en baie selde dodelik kan wees.

Lig u dokter of gesondheidsorg kundige in indien u waterpokkies of masels het. Dit is belangrik om blootstelling aan mense wat waterpokkies, masels of gordelroos het, te vermy, veral indien u nog nie hierdie siektes gehad het nie, of nie seker is of u dit gehad het nie. COVOCORT verhoog die risiko van 'n ernstige geval van waterpokkies. Indien u blootgestel word, moet u dadelik u dokter kontak.

Kontak u dokter indien u versteurde visie of ander visuele versteurings ervaar.

Indien u tans COVOCORT neem, of onlangs geneem het (binne die afgelope 3 maande) en u word siek (veral belangrik in gevalle van gastro-enteritis of braking/diarree), ly aan stres, word beseer of staan op die punt om 'n chirurgiese prosedure te ondergaan, moet u die dokter dadelik inlig dat u COVOCORT neem.

U dosis COVOCORT sal dalk verhoog moet word (of dalk moet u dit weer vir 'n kort tydjie begin neem) om 'n skerp daling in bloeddruk te voorkom.

Indien u algemene gesondheid om enige ander rede agteruitgaan alhoewel u die medisyne neem soos voorgeskryf; soek onmiddellik mediese advies.

Pasiënte op langtermynbehandeling moet veral versigtig wees, aangesien daar 'n verhoogde risiko van newe-effekte is. Indien u vir langer as 3 weke op COVOCORT is en wil ophou om dit te neem, moet u nie skielik ophou nie, aangesien dit 'n ernstige daling in bloeddruk kan veroorsaak, wat dodelik kan wees. U dokter sal u inlig oor hoe om die aantal tablette wat u neem, te verminder.

Geestesgesondheidsprobleme kan voorkom tydens die gebruik van steroïede soos COVOCORT (sien ook Afdeling 4).

- hierdie siektes kan ernstig wees;
- dit begin gewoonlik binne 'n paar dae of weke na die aanvang van die medisyne;
- dit is meer geneig om teen hoë dosisse voor te kom;
- meeste van hierdie probleme gaan weg indien die dosis verlaag word of die medisyne gestaak word.

Indien probleme egter voorkom, kan behandeling daarvoor nodig wees.

Raadpleeg 'n dokter indien u (of iemand wat hierdie medisyne neem) enige tekens van geestesgesondheidsprobleme toon. Dit is veral belangrik indien u depressief is, of dalk aan selfdood dink. In 'n paar gevalle het geestesgesondheidsprobleme voorgekom wanneer dosisse verlaag word of die medisyne heeltemal gestaak word.

Tumorlisesindroom (TLS) kan voorkom na behandeling van 'n vinnig groeiende kanker, soos bloedkanker of soliede gewasse. Simptome van TLS sluit in spierkrampe, spierswakheid, verwarring, onreëlmatige hartklop, sigverlies of visuele versteurings, en kortasem. U gesondheidsorgverskaffer sal u noukeurig monitor, veral indien u 'n hoë risiko het om tumorlisesindroom te ontwikkel. U dokter sal dalk ook u behandeling meer noukeurig moet monitor, u dosis moet verander of vir u 'n ander medisyne moet gee.

**Kinders en adolessente**
Indien die pasiënt 'n kind is, is dit belangrik dat die dokter groei en ontwikkeling met tussenposes tydens behandeling monitor.

**Ander medisyne en COVOCORT**
Lig altyd u gesondheidsorg kundige in indien u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig u dokter in indien u enige van die volgende gebruik:
- antikoagulante soos warfarien (medisyne wat gebruik word om die bloed te verdun);
- salisilate soos aspirien;
- nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM's) soos ibuprofeen, diklofenak of naprokseen (medisyne wat gebruik word om ligte tot matige pyn te behandel);
- medisyne vir diabetes (insluitend insulien);
- eritromisien, telitromisien of klaritromisien (medisyne wat gebruik word om bakteriële infeksies te behandel);
- 'n orale voorbehoedpil;
- somatropien ('n tipe groeihormoon);
- efavirens, nevirapien of ritonavir (medisyne wat gebruik word in die behandeling van MIV-infeksies);
- asetasoolamied ('n medisyne wat gebruik word om gloukoom te behandel);
- amfoterisien, ketokonasool, itrakonasool, posakonasool of vorikonasool (gebruik om swaminfeksies te behandel);
- mifepristoon ('n medisyne wat gebruik word om mediese beëindiging van swangerskap te help);
- diuretika (watertablette);
- karbenoksoloon ('n medisyne wat gebruik word om maagsere te behandel);
- metotreksaat ('n medisyne wat gebruik word om rumatoïede artritis te behandel);
- *St. John's Wort* ('n kruiemiddel wat gebruik word vir die behandeling van depressie);
- medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel soos fenitoïen, fenobarbitaal, karbamasepien en primidoon;
- rifabutien en rifampisien (antibiotika wat gebruik word om TB te behandel);
- aminoglutetimied ('n medisyne wat gebruik word in die behandeling van kanker);
- hartglikosiede, soos digoksien (gebruik om hartversaking en onreëlmatige hartklop te behandel);
- teofillien en simpatomimetika soos bambuterol, fenoterol, formoterol, ritodrien, salbutamol, salmeterol en terbutalien (gebruik om asma en ander asemhalingsprobleme te behandel);
- antihipertensiewe middels (medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel).

**COVOCORT saam met kos en drank**
Moenie COVOCORT saam met pomelosap neem nie, aangesien die sap die werking van hierdie medisyne kan beïnvloed.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg kundige vir advies voordat u COVOCORT neem.

**Bestuur van ‘n voertuig en gebruik van masjinerie**
COVOCORT kan slaperigheid, duiseligheid, veranderinge in visie, moegheid of spierswakheid veroorsaak. Indien u enige van hierdie simptome ervaar, moet u nie ‘n voertuig bestuur of masjinerie hanteer nie.

**COVOCORT bevat laktose**
Indien u dokter u ingelig het dat u 'n onverdraagsaamheid teenoor sommige suikers het, kontak u dokter voordat u COVOCORT neem.

**3. Hoe om COVOCORT te neem**
Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Neem COVOCORT altyd presies soos u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

Die gewone dosis is:
1 tot 3 tablette (10 mg tot 30 mg) daagliks

U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met COVOCORT sal duur. Indien u die indruk kry dat die effek van COVOCORT te sterk of te swak is, lig u dokter of apteker in.

**Indien u meer COVOCORT neem as wat u moes**
In die geval van oordosis, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.

**Indien u vergeet om COVOCORT te neem**
Moenie 'n dubbele dosis neem om vergete individuele dosisse in te haal nie.

**Indien u die gebruik van COVOCORT staak**
Moenie die gebruik van COVOCORT staak net omdat u beter voel nie. Volg u dokter se instruksies wanneer u hierdie medisyne staak. U dokter wil dalk hê u moet die aantal tablette wat u neem geleidelik verminder voordat u heeltemal ophou. Moet nooit u tablette laat opraak voordat u die volgende voorskrif ontvang het nie. Dit kan gevaarlik wees om sonder behandeling te wees (sien Afdeling 2).

Indien u COVOCORT staak, kan dit u sonder genoeg steroïedhormone in u liggaam laat. Dit kan onttrekkingsimptome soos koors, spier- en gewrigspyn, neusstuwing/loopneus, swelling van die oog, pynlike jeukerige veluitslag en gewigsverlies veroorsaak.

**4. Moontlike newe-effekte**
COVOCORT kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir COVOCORT aangemeld is, is in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige nadelige effekte ervaar terwyl u COVOCORT neem, raadpleeg asseblief u gesondheidsorg kundige vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van COVOCORT en lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak om te sluk of asem te haal,
- veluitslag of jeuk,

- floutes.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk 'n ernstige reaksie op COVOCORT gehad. U mag dalk dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig u dokter dadelik in of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:

- depressie, insluitend om aan selfdood te dink,
- voel hoog (manie) of ervaar buie wat op en af gaan;
- angstigheid, ondervind probleme om te slaap, sukkel om te dink of verward te wees en u geheue verloor;
- dinge voel, sien of hoor wat nie bestaan nie;
- om vreemde en angswekkende gedagtes te hê, verandering in die manier wat u optree of gevoelens van eensaamheid.

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U benodig dalk dringende mediese hulp.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte met onbekende frekwensie:

- sielkundige afhanklikheid;
- verhoogde skade aan die hart in die geval van 'n hartaanval, hartversaking, hoë bloeddruk, vorming van bloedklonte, verdikking van die hartspier (hipertrofiese kardiomiopatie) by vroeggebore babas;
- die gebruik van COVOCORT kan dit vir u makliker maak om infeksies te ontwikkel wat baie selde dodelik kan wees. Infeksies soos waterpokkies en masels kan vererger word of TB kan terugslaan, sommige swam- en virusinfeksies, insluitend herpes, kan geaktiveer word, diarree en braking, seer keel/verkoue, griepagtige siekte veroorsaak deur 'n virusinfeksie;
- bloeiende maagsere (aangedui deur maagpyn, bloeding vanuit die boude, swart stoelgang of braking met bloed teenwoordig), ontsteking van die pankreas wat buikpyn veroorsaak, maagpyn en ongemak, opgeblaasde gevoel, infeksie, swelling of ulserasie van die slukderm (ongemak tydens sluk, wat borspyn kan veroorsaak), mondsproei, slegte spysvertering, naar voel, braak, tand-erosie;
- stuipaanvalle (stuipe), verergering van epilepsie, slaperigheid, duiseligheid/draai-sensasie, verhoogde druk binne-in die skedel;
- spierswakheid of uittering, verdunning van bene wat frakture meer waarskynlik maak (osteoporose), gebreekte bene of frakture, heup- of skouerpyn as gevolg van swak bloedsirkulasie, risiko van geskeurde tendons, gewrigsontsteking in die knie en lies (aseptiese nekrose) of ander gewrigte;
- veranderinge in sig as gevolg van katarakte (vertroebeling van die lens in die oog) of gloukoom (verhoogde druk in die oog), versteurde visie, droë oë, verdunning van die oppervlak van die oog, bestaande ooginfeksies kan vererger;
- verhoogde of verminderde aantal witbloedselle;
- onreëlmatige, of gebrek aan menstruasie;
- ontwikkeling van *Cushingoid facies* (ronde of maanvormige gesig, buffelskof), oormatige sweet, verhoogde eetlus en gewigstoename, meer hare op die liggaam en gesig by vroue, verhoogde bloedsuikervlakke/diabetes, verlies aan kalsium en stikstof (getoon op mediese toetse), sout- en waterretensie (wat swelling en verhoogde bloeddruk veroorsaak), lae bynierfunksie wat die produksie van steroïede in u liggaam verminder (veral na chirurgie, 'n ongeluk of siekte);
- stadige genesing van snye of wonde, dun of delikate vel, rooiheid van die vel/klein bloedvate wat verwyd is, aknee, kneusing, jeukende veluitslag, rekmerke;
- oor die algemeen onwel voel (malaise), moegheid;
- afname in cholesterol (goeie cholesterol) in die bloed (getoon in bloedtoetse), verlaging in bloedkaliumvlakke, waarvan die simptome flouheid insluit weens lae bloeddruk, voel hoe u hart klop (hartkloppings), spierswakheid, moegheid of krampe, naar voel of braak,

onvermoë om gereeld en behoorlik stoelgang uit te skei, gereelde urinering, oormatige dors en onvermoë om behoorlik te eet.

Bykomende newe-effekte by kinders en adolessente

- verhoogde druk binne-in die skedel (*pseudotumour cerebri*, aangedui deur hoofpyne met braking, lusteloosheid en lomerigheid) is by kinders aangemeld; dit vind gewoonlik plaas nadat behandeling gestaak is;
- onderdrukking van normale groei by kinders.

As gevolg van hierdie potensiële newe-effekte, kan u dokter u met tussenposes tydens u behandeling wil monitor.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

**Aanmelding van newe-effekte**
Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter of apteker. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die vorm **"6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form"**, wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van COVOCORT te verskaf.

**5. Hoe om COVOCORT te bêre**

- Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.
- Bêre teen of benede 30 °C, beskerm teen lig en vogtigheid.
- Moenie in 'n badkamer bêre nie.
- Moenie gebruik na die vervaldatum soos op die houer se etiket aangedui nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**
**Wat COVOCORT bevat**
Die aktiewe bestanddeel is hidrokortisoon 10 mg.

Die ander bestanddele is: laktose, magnesiumstearaat, stysel

**Hoe COVOCORT lyk en inhoud van die verpakking**
Wit bikonvekse, tablette met breeklyne.

Houers met 100 tablette.

**Houer van Sertifikaat van Registrasie**
Adcock Ingram Limited
New Road 1,
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

**Hierdie voubiljet is mees onlangs hersien op**
20 Desember 2024

**Registrasienommer**
U/21.5.1/211

**PASIËNT INLIGTINGSBLAD**

Botswana: S2 B9302950

Namibië: NS2 90/21.5.1/00112

adcock ingram

1229002 12/2024

Datum van goedkeuring: 20 Desember 2024